

Saterdag 31 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:28 – 3:10	Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:2-3
--	--

Nou al sigbaar vol verwagting van ons heerlijkheid!

Is jy bang om eendag voor God te verskyn wanneer die Here Jesus weer kom? Miskien antwoord jy: Nee, ek is nie bang nie! Ek glo immers dat ek sy kind is ... Daarvoor moet ons die Here vol verwondering dank: *Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God en ons is dit ook* (3:1). Mag ek verder vra: Kan ander mense in jou sien dat jy vol verwagting is oor jou lewe by Jesus ... eendag?

Die feit is, sê 1 Johannes 3:2-3, mense wat die versekering het dat hulle kinders van God is en die verwagting koester dat hulle soos Hy sal wees wanneer Hy weer kom, se lewens lyk nou al anders as die res van die (ongelowige) wêreld. Hulle hou hulleself rein soos Jesus rein is (3:3b). Trouens, wie weet dat Jesus regverdig is en self doen wat reg is, kry daarin die versekering dat hy/sy uit God gebore is, sy kind is (2:29; HK 32:86).

Die groot vraag is: Hoe kan ons onself rein hou en reg bly leef? Jy sal dalk verstaan dat dit nie so maklik is om met sonde klaar te speel nie. Teenoor die dwaalleraars wat die gemeente verlei het om te glo dat hulle perfektheid op aarde sal bereik vanweë hulle gewyde kennis (gnosis), bring Johannes die evangelie: Jesus, die Sondelose, het gekom om die sonde weg te neem (3:5)! En wie in Hom bly (in geloof in Hom ingeënt bly), hou nie aan met sondig nie (3:6). Jesus Christus het die mag van die sonde oor ons gebreek!

Wie in Jesus bly, het geen twyfel (of vrees) oor sy status voor God nie. Presies wat ons sal wees wanneer Jesus kom, weet ons nie nou nie. Wat ons wel weet, is dat ons soos Jesus sal wees – in sy heerlijkheid sal deel. Met so 'n toekomsverwagting leef ons rein, soos dit hoort by kinders van God!

Sing: Skrifberyming 2-4:3

Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)